# GALASIËRS & EFESIËRS

fresh

Ons is tans besig om deur die brief van Galasiërs te werk.

Ons is vanoggend in die laaste 2 hoofstukke, (5&6) besig om te kyk na wat Paulus vir hierdie gemeente sê.

Ons het reeds deur die eerste 4 hoofstukke gewerk waar ons gesien het **wat die waarde van die ware Evangelie is… En wat die waarde daarvan is om God se kind genoem te word en deel van Sy familie te wees…**

Vandag gaan ons met die brief afsluit en van volgende week af gaan ons saam met die brief aan die kerk in Effese begin.

Die gemeente in Galasië bestaan uit Jode asook nie-Jode wat Jesus begin volg het. Hulle het wel gesukkel om te weet presies hoe om vir Jesus te volg en hoe om op die Evangelie van Jesus Christus alleen te vertrou vir hulle redding...

Paulus skryf aan hierdie gemeente om hulle te herinner van die ware Evangelie (deur geloof in Jesus Christus alleen is ons gered) en dat al die ander goed wat hulle doen die ware Evangelie draai en 'n ander evangelie word...


AM I
SAVED?

Hoe baie wonder jy oor jou redding?

Daar is dalk tye waar jy voel jy is op 'n baie goeie plek in jou verhouding met Jesus, en dan is daar weer ander tye waar jy vreeslik ver van Hom af voel.

Is dit dat jy nader aan Jesus voel wanneer jy meer tyd in die Woord en in gebed spandeer?

Wanneer daar 'n tyd van stilte in jou lewe gebeur teenoor Jesus dan voel jy maar ver van Hom af...

Vir die gemeente in Galasië was dit nie 'n kwessie van hulle voel ver van Jesus af en hulle moet hulle verhouding met Hom weer versterk nie.

Hulle was steeds voluit vir Jesus, maar hulle was mislei om die genade van Jesus op ander plekke se soek. Hulle het gedink dat hulle vrygespreek word deur om die wet te onderhou, maar Paulus maak dit duidelik dat dit nie die geval is nie....

## Galasiërs 5:1-6

**1Christus het ons vrygemaak om werklik vry
te wees.** Staan dan vas in hierdie vryheid en
moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat
indwing nie.

## Die Christelike vryheid

2Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat
besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê
nie. 3Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom
laat besny: Hy is verplig om die hele wet van
Moses te onderhou.

4Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word
deur die wet te onderhou, julle het julle band
met Christus verbreek, julle het die genade van
God verbeur. 5Wat ons betref, deur die werking
van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat
ons deur te glo, vrygespreek sal word. 6In
Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny
is of nie. **Al wat van belang is, is geloof wat
deur die liefde tot dade oorgaan.**





**Ons kan vandag hier vir mekaar met sekerheid sê dat ons werklik vry is deur Jesus se genade alleen... Nie omdat ons goeie mense is of die regte goed doen nie. Ons is vrygespreek omdat ons in Jesus glo.**

**Galasiërs 2:15-16**

15Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die
heidene nie. 16En tog weet ons dat 'n mens nie van
sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te
onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te
glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus
gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in
Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie,
want geen mens word vrygespreek op grond daarvan
dat hy die wet onderhou nie.

**Ons is ook vrygespreek van ons sonde en ons het ewige lewe opgrond daarvan dat ons in Jesus glo. Dat Hy in ons plek gesterf het en die prys van ons sonde totaal vergewe het. Deur die genade van Jesus is ons gered, en vrygespreek van ons sonde.**



**As jy 'n gelowige is, dan sal jy weet hoe moeilik dit is om altyd die regte ding te doen...**

**Ons struikel en val daagliks, en ons voel skuldig. Soms voel ons so skuldig dat ons voel ons kan nie kerk toe gaan of bid nie. Soms voel ons dan juis ver van die Here af en dan moet ons weer van voor af hierdie verhouding met Jesus begin kweek. En dit voel maar soms of dit jare vat voor ons weer op 'n punt is waar ons voluit vir Jesus leef...**

**Maar dit hoef nie so te wees nie...**

**Ons maak hopeloos te veel staat op ons eie vermoëns om vir Jesus te lewe, maar ons besef baie vinnig hoe swak ons eintlik is...**

**Paulus herinner die gemeente dat hulle vir Jesus, saam met die Gees moet lewe...**

# Galasiërs 5:13-18

13Julle, broers, **julle is tot vryheid geroep.** Moet
net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om
sonde te doen nie, maar dien mekaar in
liefde. 14Die hele wet word in hierdie een gebod
saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos
jouself.” 15Maar julle byt en verskeur mekaar;
pas op dat julle mekaar nie later heeltemal
verslind nie.

**16Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds**
**deur die Gees van God beheers word, dan sal**
**julle nooit swig voor begeertes van julle**
**sondige natuur nie.** 17Wat ons sondige natuur
begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat
die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige
natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg
teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen
wat julle graag wil nie. **18Maar as julle julle**
**deur die Gees laat lei, staan julle nie meer**
**onder die wet nie.**

**Ons het die geloof in Jesus. En dit beteken dat ons ook glo en weet dat Hy Sy Heilige Gees gestuur het om verewig by ons te wees….**

**Ons kan ons deur die Gees laat lei. Ons kan voor ons keuses maak weet of dit in die wil van die Here is…**



**Die vraag is - Laat ons ons deur die Gees lei...?**

**Lewe ons net hier op aarde en kyk op na die hemel en dink Jesus is daar doer ver, of besef ons Hy is hier by ons? Hy lei ons...**

**Steeds sukkel ons om volgens die wil van die Here te leef en ons wonder soms nog hoe die Gees ons lei, en selfs of Hy ons lei...**

**Paulus maak dit baie baie prakties...**

Galasiërs 5:19-26

19Die praktyke van die **sondige natuur** is
algemeen bekend: **onsedelikheid, onreinheid,
losbandigheid, 20afgodsdiens, towery,
vyandskap, haat, naywer, woede, rusies,
verdeeldheid, skeuring, 21afguns,
dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike
dinge.** Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër
gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig
maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis
verkry nie.

22Die **vrug van die Gees**, daarteenoor, is **liefde,**
**vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid,**
**goedhartigheid, getrouheid, 23nederigheid en**
**selfbeheersing.** Teen sulke dinge het die wet
niks nie. 24Dié wat aan Christus Jesus behoort,
het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en
begeertes gekruisig. 25Ons lewe deur die Gees;
laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. 26Ons
moenie verwaand wees, mekaar uittart of op
mekaar afgunstig wees nie.

**Wanneer ek en jy streef om te lewe met die vrug van die Gees, dan gaan ons besef dat Hy ons lei...**

**Wanneer ons in die praktyke van die sondige natuur lewe, dan sal die Heilige Gees ons aankla.**



1. Ons is VRYGESPREEK van sonde deur Jesus wat vir ons aan die kruis gesterf het en ons sonde oorwin het. Hy het die totale prys van ons sonde reeds betaal en ons is VRY...

2. Ons kan deur die Heilige Gees gelei word, want Jesus het belowe Hy stuur vir ons Sy Gees om verewig by ons te wees...

Ons hoef nie op ons eie te probeer reg lewe nie, maar ons kan verseker oorgee en toelaat dat Hy ons lei in ons daaglikse lewe...

# Galasiërs 6:14-15

14Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld. 15Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, **maar dat jy 'n nuwe mens is.**

**ONS IS NUWE MENSE, VRYGESPREEK DEUR DIE GENADE VAN JESUS EN GELEI DEUR SY HEILIGE GEES...**

